# Huisgeloof

**18 Jan 2026** **God is getrou!**

## 1 Omgee

Baie mense besluit hierdie tyd van die jaar om 'n nuwe blaadjie om te slaan. Hulle begin dalk om meer gesond te eet en om meer dikwels te oefen.
Dalk is ons in die versoeking om ook vanjaar, wat ons verhouding met die Here betref, "harder te probeer". Miskien moet ons eerder die vraag vra waar God inpas in ons lewe. Of dalk eerder: "Waar pas my lewe in God se planne in? Watter soort mens moet ek wees, sodat God my kan gebruik? Watter prioriteit is Hy in ons lewens?"

Dalk help ons teksgedeeltes ons vandag om uit te vind hoe ons as kinders van die Here moet wees, sodat God ons kan gebruik. Hoe help die Here ons hiermee?

## 2 Lees

**Ps 40 & 1 Kor 1:1-9**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play: Apple iStore:

## 3 Gesels

- Het julle enige nuwejaarsvoornemens?
- Hoe maak die Here ons 'standvastig' (1 Kor 1:8) en laat Hy ons op 'n 'rotsbank staan' (Ps 40:3)?
- As julle na hierdie twee gedeeltes kyk, wat sal julle in 2026 moet inoefen sodat julle as kinders van die Here kan groei?

## 4 Bid

Here, dankie dat U getrou is en groter is as die struikelblokke wat vir ons in 2026 wag. Amen

## 5 Doen

Kies 12 geestelike doelwitte wat julle as gesin hierdie jaar wil bereik – 'n doelwit vir elke maand.
Bv. woon die gemeentekamp by, woon elke Sondag van die kwartaal 'n erediens by, hou vir 'n week lank elke dag saam huisgodsdiens, begin 'n gebedsjoernaal en maak elke dag ten minste een inskrywing, kies 'n sendeling en bid een keer per week vir hom of haar.